

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Friday 18 March 1977

WINDHOEK

Vrydag 18 Maart 1977

No. 3600

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 114]

[18 March 1977

ORDINANCE, 1977: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

No. 3 of 1977 Referendum Ordinance, 1977.

No. 114]

[18 Maart 1977

ORDONNANSIE, 1977: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No. 3 van 1977 Ordonnansie op die Volkstemming, 1977.

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

(Assented to 15 March 1977)
(Afrikaans text signed by the Administrator)
(Date of commencement 18 March 1977)

ORDINANCE

To provide for a referendum for the purpose of determining whether the white voters in the Territory of South West Africa are in favour of or against the establishment of an interim government and independence for the Territory of South West Africa in accordance with the principles accepted by the Constitutional Conference.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:

Definitions.

1. (1) In this Ordinance, unless the context otherwise indicates -

- (i) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive-Committee referred to in section 6 of the South-West Africa Constitution Act, 1968; (v)
- (ii) "referendum" means the referendum referred to in section 2; (vi)
- (iii) "referendum agent" means a referendum agent appointed under section 4(1); (vii)
- (iv) "subagent" means a subagent appointed under section 4(4) or (7); (iv)
- (v) "Territory" means the Territory of South West Africa; (ii)
- (vi) "the Act" means the Electoral Consolidation Act, 1946, as applied to the Territory by section 34 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949, and construed according to the provisions of the said section; (i)
- (vii) "this Ordinance" includes any regulations made under this Ordinance. (iii)

(2) Any expression to which a meaning has been assigned in this Ordinance and which is used in any provision of the Act, as applied and construed according to the provisions of this Ordinance and modified and amended by regulation made under this Ordinance with reference to the referendum, shall in the said provision bear the meaning assigned to it in this Ordinance.

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

(Goedgekeur 15 Maart 1977)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)
(Datum van inwerkingtreding 18 Maart 1977)

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir 'n volkstemming ten einde te bepaal of die blanke kiesers in die Gebied Suidwes-Afrika ten gunste van of teen die instelling van 'n tussentydse regering en onafhanklikheid vir die Gebied Suidwes-Afrika ooreenkomstig die beginsels aanvaar deur die Staatkundige Beraad is.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:

1. (1) In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken - Woordbepaling.

- (i) "die Wet" die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, soos op die Gebied van toepassing gemaak by artikel 34 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949, en ooreenkomstig die bepalings van genoemde artikel uitgelê; (vi)
- (ii) "Gebied" die Gebied Suidwes-Afrika; (v)
- (iii) "hierdie Ordonnansie" ook enige regulasies kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig; (vii)
- (iv) "hulpagent" 'n hulpagent kragtens artikel 4(4) of (7) aangestel; (iv)
- (v) "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-uitvoerende-komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968; (i)
- (vi) "volkstemming" die stemming in artikel 2 bedoel; (ii)
- (vii) "volkstemmingsagent" 'n volkstemmingsagent kragtens artikel 4(1) aangestel. (iii)

(2) Enige uitdrukking waaraan in hierdie Ordonnansie 'n betekenis toegeskryf is, en wat gebesig word in 'n bepaling van die Wet soos wat dit, met betrekking tot die volkstemming, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie toegepas en uitgelê word en by regulasie uitgevaardig kragtens hierdie Ordonnansie aangepas en gewysig word, het in bedoelde bepaling die betekenis in hierdie Ordonnansie daaraan toegeskryf.

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

Determination of date for holding of referendum.

2. The Executive Committee shall determine a date on which a referendum of the white voters in the Territory shall be held for the purpose of ascertaining whether or not those voters are in favour of the establishment of an interim government and independence for the Territory in accordance with the principles accepted by the Constitutional Conference and shall cause such date to be published by notice in the *Official Gazette*.

Application of certain provisions of Act 46 of 1946 in connection with referendum.

3. (1) The provisions of the Act and the regulations made thereunder shall, save as is otherwise provided in this Ordinance, in so far as the said provisions are appropriate and can be applied, *mutatis mutandis* apply with reference to the referendum as if it were a general election for the Legislative Assembly held in pursuance of the dissolution of the Legislative Assembly under section 14(1) of the South-West Africa Constitution Act, 1968.

(2) In the application of the provisions of the Act and the regulations made thereunder as provided in subsection (1) -

- (a) any registration of a voter for the purposes of the Act, whether before or after the commencement of this Ordinance, shall be deemed to be a registration of that voter for the purposes of the referendum also, and any voters' list which would have been in operation in terms of the Act on the date on which the referendum is held if an election had been held on that date, shall be deemed to be a voters' list which is in operation in terms of the Act as applied by subsection (1) for the purposes of the referendum;
- (b) any reference in the Act to an election shall be construed as a reference to the referendum;
- (c) any person who on the date determined in terms of section 2, holds any office by virtue of an appointment under the Act, shall be deemed also to have been appointed in that office for the purposes of the referendum in terms of the Act as applied by subsection (1);
- (d) any reference in the Act or the regulations made thereunder to a candidate at an election thereunder or to an electoral agent of such a candidate, shall be construed as a reference to a referendum agent appointed under section 4(1) of this Ordinance;
- (e) any reference in the Act or the regulations made thereunder to a subagent, polling agent, clerk or messenger shall be construed as a reference to a subagent, polling agent, clerk or messenger appointed under section 4(4), (7) or (9) of this Ordinance;

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

2. Die Uitvoerende Komitee bepaal 'n datum waarop 'n stemming van blanke kiesers in die Gebied gehou word om vas te stel of daardie kiesers ten gunste van die instelling van 'n tussentydse regering en onafhanklikheid vir die Gebied ooreenkomstig die beginsels aanvaar deur die Staatkundige Beraad is al dan nie en laat sodanige datum by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afkondig.

Bepaling van datum vir hou van volkstemming.

3. (1) Die bepalings van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies is, behoudens andersluidende bepalings van hierdie Ordonnansie, vir sover bedoelde bepalings daarby aanpas en toegepas kan word, *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die volkstemming asof dit 'n algemene verkiesing vir die Wetgewende Vergadering is wat ingevolge die ontbinding van die Wetgewende Vergadering kragtens artikel 14(1) van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, plaasvind.

Toepassing van sekere bepalings van Wet 46 van 1946 in verband met volkstemming.

(2) By die toepassing van die bepalings van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies volgens voorskrif van subartikel (1) -

- (a) word enige registrasie van 'n kieser vir die doeleindes van die Wet, hetsy voor of na die inwerkingtreëding van hierdie Ordonnansie, geag ook 'n registrasie van daardie kieser vir die doeleindes van die volkstemming te wees en word enige kieserslys wat, op die datum waarop die volkstemming gehou word ingevolge die Wet in werking sou gewees het indien 'n verkiesing op bedoelde datum gehou is, geag 'n kieserslys te wees wat ingevolge die Wet, soos by subartikel (1) toegepas, vir die doeleindes van die volkstemming in werking is;
- (b) word 'n verwysing in die Wet na 'n verkiesing as 'n verwysing na die volkstemming uitgelê;
- (c) word enige persoon wat op die datum ingevolge artikel 2 bepaal, uit hoofde van 'n aanstelling kragtens die Wet een of ander amp beklee, geag ook ingevolge die Wet, soos by subartikel (1) toegepas, vir die doeleindes van die volkstemming in daardie amp aangestel te wees;
- (d) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na 'n kandidaat by 'n verkiesing daarkragtens of na 'n verkiesingsagent van so 'n kandidaat, uitgelê as 'n verwysing na 'n volkstemmingsagent kragtens artikel 4(1) van hierdie Ordonnansie aangestel;
- (e) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na 'n hulpagent, stemagent, klerk of bode uitgelê as 'n verwysing na 'n hulpagent, stemagent, klerk of bode kragtens artikel 4(4), (7) of (9) van hierdie Ordonnansie aangestel;

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

- (f) any reference in the Act or the regulations made thereunder to the name or name and address of a candidate on a ballot paper at an election in terms of the Act, shall be construed as a reference to the provision for a positive or negative reply to the question on the ballot paper set forth in the Schedule to this Ordinance;
- (g) any reference in the Act or the regulations made thereunder to a vote or voting for a candidate at an election in terms of the Act shall be construed as a reference to a vote or voting whereby a choice in favour of or against the establishment of an interim government and independence for the Territory in accordance with the principles accepted by the Constitutional Conference is signified;
- (h) any reference in the Act or the regulations made thereunder to action with a view to promoting or bringing about the election of a candidate, shall be construed as a reference to action with a view to influencing the result of the referendum;
- (i) any reference in the Act or the regulations made thereunder to electoral matter or election documents, shall be construed as a reference to matter or documents in connection with the referendum;
- (j) anything done under section 40 of the Act prior to the commencement of this Ordinance, shall be deemed to have been done under that section as applied by this Ordinance;
- (k) any reference in Chapter III of the Act to a proclamation which may be or is required to be issued, shall be construed as a reference to a government notice which may be or is required to be published and -
 - (i) any provision in the said Chapter that such a proclamation may be or is required to be issued by the State President, shall be construed as a provision that the Executive Committee may cause or shall be required to cause such a government notice to be published;
 - (ii) any provision in the said Chapter that such a proclamation shall be published in the *Gazette*, shall be construed as a provision that such a government notice shall be published in the *Official Gazette*;

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

- (f) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na die naam of naam en adres van 'n kandidaat op 'n stembriefie by 'n verkiesing ingevolge die Wet uitgelê as 'n verwysing na die voorsiening vir 'n positiewe of negatiewe antwoord op die vraag in die stembriefie in die Bylae by hierdie Ordonnansie uiteengesit;
- (g) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na 'n stem of stemming vir 'n kandidaat by 'n verkiesing ingevolge die Wet uitgelê as 'n verwysing na 'n stem of stemming waardeur 'n keuse ten gunste van of teen die instelling van 'n tussentydse regering en onafhanklikheid vir die Gebied ooreenkomstig die beginsels aanvaar deur die Staatskundige Beraad, te kenne gegee word;
- (h) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na optrede met die doel om die verkiesing van 'n kandidaat te bevorder of te weeg te bring, uitgelê as 'n verwysing na optrede met die doel om die uitslag van die volkstemming te beïnvloed;
- (i) word 'n verwysing in die Wet of die daarkragtens uitgevaardigde regulasies na verkiesingstof of verkiesingstukke uitgelê as 'n verwysing na stof of stukke in verband met die volkstemming;
- (j) word enigiets voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie kragtens artikel 40 van die Wet gedoen, geag kragtens daardie artikel soos deur hierdie Ordonnansie toegepas, gedoen te wees;
- (k) word 'n verwysing in Hoofstuk III van die Wet na 'n proklamasie wat uitgevaardig kan of moet word uitgelê as 'n verwysing na 'n goewermentskennisgewing wat afgekondig kan of moet word en word -
- (i) 'n bepaling in genoemde Hoofstuk dat so 'n proklamasie deur die Staatspresident uitgevaardig kan of moet word, uitgelê as 'n bepaling dat die Uitvoerende Komitee so 'n goewermentskennisgewing kan of moet laat afkondig;
- (ii) 'n bepaling in genoemde Hoofstuk dat so 'n proklamasie in die *Staatskoerant* afgekondig moet word, uitgelê as 'n bepaling dat so 'n goewermentskennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig moet word;

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

- (l) any provision of the Act and the regulations made thereunder which is amended by regulation made under this Ordinance, shall be construed subject to the amendments set out in such regulations.

Appointment of referendum agents, sub-agents, polling agents, clerks and messengers.

4. (1) (a) Not later than three days after the date on which the returning officer is appointed, he may, at the request of the authorised representative of every political party or political group in the division for which he has been appointed, appoint one person designated by that political party or political group to serve as referendum agent at the referendum in that division.

(b) No referendum agent shall be appointed under paragraph (a) unless the political party or political group requesting his appointment has undertaken to pay any remuneration and expenses referred to in subsection (10) arising in connection with the exercise of his powers and the performance of his functions by such agent.

(c) The returning officer shall forthwith give public notice of the name and address of every referendum agent appointed by him.

(2) The appointment of a referendum agent shall be terminated by the returning officer upon receipt of a request in writing to that effect from the political party or political group at whose request he has been appointed.

(3) Any vacancy arising in respect of referendum agents shall be filled in the manner prescribed in subsection (1).

(4) Every referendum agent may appoint not more than four subagents to act in the division.

(5) A referendum agent may act by a subagent, and anything done for the purposes of the referendum by or to a subagent shall be deemed to be done by or to the referendum agent, and any act or default of a subagent which, if he were the referendum agent, would be a corrupt or illegal practice or other offence in terms of this Ordinance, or in terms of the Act as applied by this Ordinance, shall be a corrupt or illegal practice or other offence in terms of this Ordinance, or in terms of the Act as so applied, committed by the subagent, for which the subagent shall be liable to punishment accordingly.

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

- (l) word enige bepaling van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies wat by regulasie uitgevaardig kragtens hierdie Ordonnansie, gewysig word, uitgelê onderworpe aan die wysigings wat in sodanige regulasies uiteengesit word.

4. (1) (a) Nie later nie dan drie dae na die dag waarop die kiesbeampste aangestel is, kan hy, op versoek van die gemagtigde verteenwoordiger van elke politieke party of politieke groep in die afdeling waarvoor hy aangestel is, een persoon deur daardie politieke party of politieke groep aangewys, aanstel om by die volkstemming in daardie afdeling as volkstemmingsagent te dien.

Aanstelling van volkstemmingsagente, hulpagente, stemagente, klerke en bodes.

(b) Geen volkstemmingsagent word kragtens paragraaf (a) aangestel nie tensy die politieke party of politieke groep wat sy aanstelling versoek onderneem het om enige in subartikel (10) bedoelde besoldiging en onkoste wat in verband met die uitoefening deur so 'n agent van sy bevoegdheid of die verrigting deur hom van sy werksaamhede ontstaan, te betaal.

(c) Die kiesbeampste maak onverwyld die naam en adres van elke volkstemmingsagent wat hy aanstel publiek bekend.

(2) Die aanstelling van 'n volkstemmingsagent moet deur die kiesbeampste beëindig word by ontvangs van 'n skriftelike versoek daartoe van die politieke party of politieke groep op wie se versoek hy aangestel is.

(3) Enige vakature wat ten opsigte van volkstemmingsagente ontstaan, word gevul op die wyse in subartikel (1) bepaal.

(4) Elke volkstemmingsagent kan hoogstens vier hulpagente aanstel om in die afdeling op te tree.

(5) 'n Volkstemmingsagent kan deur 'n hulpagent optree, en enigiets wat vir die doeleindes van die volkstemming deur of aan 'n hulpagent gedoen word, word geag deur of aan die volkstemmingsagent gedoen te wees, en elke handeling of versuim van 'n hulpagent wat 'n korrupte of onwettige bedrywigheid of ander misdryf ingevolge hierdie Ordonnansie, of ingevolge die Wet soos deur hierdie Ordonnansie toegepas, sou wees as hy die volkstemmingsagent was, is 'n korrupte of onwettige bedrywigheid of ander misdryf ingevolge hierdie Ordonnansie, of ingevolge die Wet soos aldus toegepas, deur die hulpagent begaan, waarvoor die hulpagent dienooreenkomstig strafbaar is.

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

(6) The referendum agent shall within three days after he has appointed a subagent advise the returning officer in writing of the full name and address of the subagent concerned, and the returning officer shall forthwith give public notice of the name and address of every subagent in respect of whom he has been so advised.

(7) The appointment of a subagent shall not lapse by reason of the referendum agent who appointed him ceasing to be a referendum agent, but may at any time be revoked by any person for the time being serving as referendum agent and in the event of any such revocation or of the death of a subagent, another subagent may be appointed.

(8) The revocation of the appointment of a subagent and the appointment of another subagent in his place or in the place of a subagent who has died, and the full name and address of such latter subagent shall forthwith be advised in writing to the returning officer who shall forthwith give public notice thereof.

(9) A referendum agent acting in person or by his subagent shall appoint every polling agent, clerk and messenger employed at the referendum in the interest of the political party or political group at whose request he has been appointed and hire every committee room hired in the interest of that party or group: Provided that if the number of voters registered in respect of any polling district does not exceed two thousand, not more than two polling agents shall be appointed for that polling district, and if the number of voters registered in respect of any polling district exceeds two thousand, one additional polling agent may be appointed for every thousand voters registered in respect of that polling district in excess of two thousand.

(10) No remuneration shall be paid out of State moneys to any referendum agent or any other person appointed under this section, in respect of his services, and no expenditure incurred by any such agent or person in connection with the referendum in terms of this Ordinance or in terms of the Act as applied by this Ordinance, shall be paid or reimbursed out of State moneys.

Application of Ordinance to Eastern Caprivi Zipfel.

5. This Ordinance and the provisions of the Act and the regulations made thereunder, as applied with reference to the referendum by this Ordinance, shall apply also in the Eastern Caprivi Zipfel.

Regulations.

6. (1) The Executive Committee may make regulations -

(a) by which provision is made -

(i) for the repeal or amendment of any provision of; and

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

(6) Die volkstemmingsagent moet binne drie dae nadat hy 'n hulpagent aangestel het die volle naam en adres van die betrokke hulpagent skriftelik aan die kiesbeampte opgee en die kiesbeampte maak onverwyld die naam en adres van elke hulpagent wat aldus opgegee is, publiek bekend.

(7) Die aanstelling van 'n hulpagent verval nie op grond daarvan dat die volkstemmingsagent wat hom aangestel het, ophou om 'n volkstemmingsagent te wees nie, maar kan te eniger tyd herroep word deur iemand wat dan as volkstemmingsagent dien, en in geval van so 'n herroeping of die oorlye van 'n hulpagent kan 'n ander hulpagent aangestel word.

(8) Die herroeping van die aanstelling van 'n hulpagent en die aanstelling in sy plek of in die plek van 'n hulpagent wat oorlede is van 'n ander hulpagent, en die volle naam en adres van laasbedoelde hulpagent, word onverwyld skriftelik opgegee aan die kiesbeampte wat dit onverwyld publiek bekend maak.

(9) 'n Volkstemmingsagent handelende in eie persoon of deur sy hulpagent stel iedere stemagent, klerk en bode aan wat by die volkstemming in belang van die politieke party of politieke groep op wie se versoek hy aangestel is in diens geneem word, en huur elke komiteekamer wat in belang van daardie party of groep gehuur word: Met dien verstande dat indien die aantal kiesers wat ten opsigte van 'n stembedstrik geregistreer is, nie meer dan tweeduisend is nie, daar nie meer dan twee stemagente vir daardie stembedstrik aangestel word nie, en indien die aantal kiesers wat ten opsigte van 'n stembedstrik geregistreer is, meer dan tweeduisend is, een adisionele stemagent benoem kan word vir elke duisend kiesers wat ten opsigte van daardie stembedstrik bo tweeduisend geregistreer is.

(10) Geen besoldiging word uit staatsgeld aan enige volkstemmingsagent of ander kragtens hierdie artikel aangestelde persoon ten opsigte van sy dienste betaal nie, en geen onkoste in verband met die volkstemming deur so 'n agent of persoon aangegaan ingevolge hierdie Ordonnansie of ingevolge die Wet soos deur hierdie Ordonnansie toegepas, word uit Staatsgeld betaal of vergoed nie.

5. Hierdie Ordonnansie en die bepalings van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies, soos deur hierdie Ordonnansie met betrekking tot die volkstemming toegepas, is ook in die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing.

Toepassing van Ordonnansie op Oostelike Caprivi Zipfel.

6. (1) Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig -

Regulasies

(a) waarby voorsiening gemaak word -

(i) vir die herroeping of wysiging van enige bepaling van; en

No. 3 of 1977

REFERENDUM ORDINANCE, 1977

(ii) the addition of any additional provisions to

the Act and the regulations made thereunder in the application thereof in connection with the referendum;

(b) which it may consider necessary for the effective operation of this Ordinance and of the Act and the regulations made thereunder as applied by this Ordinance; and

(c) which may, in its opinion, be essential in order to permit of the effective organisation of the referendum.

(2) The provisions of the Act and the regulations made thereunder which are amended by any regulations made under subsection (1) shall in the application thereof with reference to the referendum, be construed as if those provisions were amended as specified in the said regulations.

Short title.

7. This Ordinance shall be called the Referendum Ordinance, 1977.

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977

No. 3 van 1977

- (ii) die byvoeging van enige verdere bepalings by

die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies by die toepassing daarvan in verband met die volkstemming;

- (b) wat hy vir die behoorlike werking van hierdie Ordonnansie, en van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies soos deur hierdie Ordonnansie toegepas, nodig ag; en

- (c) wat volgens sy oordeel noodsaaklik mag wees ten einde die volkstemming doeltreffend te kan reël.

(2) Die bepalings van die Wet en die daarkragtens uitgevaardigde regulasies wat gewysig word deur enige regulasies wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig word, word by die toepassing daarvan met betrekking tot die volkstemming uitgelê asof bedoelde bepalings gewysig is soos in bedoelde regulasies aangedui.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Volkstemming, 1977. Kort titel.

SCHEDULE
Form of front of Ballot Paper

<p>COUNTERFOIL TEENBLAD</p> <p>No.</p> <p>Referendum Volkstemming</p> <p>Electoral Division of Kiesafdeling</p>	<p>IS U TEN GUNSTE VAN DIE INSTELLING VAN 'N TUSSENTYDSE REGERING EN ONAFHANKLIKHEID VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA OOREENKOMSTIG DIE BEGINSELS AANVAAR DEUR DIE STAATKUNDIGE BERAAD?</p> <p>ARE YOU IN FAVOUR OF THE ESTABLISHMENT OF AN INTERIM GOVERNMENT AND INDEPENDENCE FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA IN ACCORDANCE WITH THE PRINCIPLES ACCEPTED BY THE CONSTITUTIONAL CONFERENCE?</p> <p>YES/JA</p> <p>NEE/NO</p>	<p>Stem slegs vir een Keuse</p> <p>Stem deur 'n X te maak in die vierkant teenoor die keuse wat u wil doen.</p> <p>Vote for one Choice only</p> <p>Record your vote by a X in the square opposite your choice.</p>
<p>Date: Datum:</p> <p>Registered No. of Voter</p> <p>Geregistreeerde No. van Kieser</p>		

BYLAE

Vorm van Voorkant van Stembriefie

No. 3600

Buitengewone Offisiële Koerant 18 Maart 1977

15

ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

<p>COUNTERFOIL TEENBLAD</p> <p>No.</p> <p>Referendum Volkstemming</p> <p>Electoral Division of Kiesafdeling</p> <p>.....</p> <p>Date: Datum:</p> <p>Registered No. of Voter</p> <p>.....</p> <p>Geregistreeerde No. van Kieser</p>	<p>IS U TEN GUNSTE VAN DIE INSTELLING VAN 'N TUSSENTYDSE REGERING EN ONAFHANKLIKHEID VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA OOREENKOMSTIG DIE BEGINSELS AANVAAR DEUR DIE STAATKUNDIGE BERAAD?</p> <p>ARE YOU IN FAVOUR OF THE ESTABLISHMENT OF AN INTERIM GOVERNMENT AND INDEPENDENCE FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA IN ACCORDANCE WITH THE PRINCIPLES ACCEPTED BY THE CONSTITUTIONAL CONFERENCE?</p>	<p>Stem slegs vir een Keuse</p> <p>Stem deur 'n X te maak in die vierkant teenoor die keuse wat u wil doen.</p> <p>Vote for one Choice only</p> <p>Record your vote by a X in the square opposite your choice.</p>
	<p>YES/JA</p>	<input type="checkbox"/>
	<p>NEE/NO</p>	<input type="checkbox"/>

Form of back of Ballot Paper

No.

**VOLKSTEMMING
REFERENDUM**

IN DIE KIESAFDELING
IN THE ELECTORAL DIVISION OF

Datum:
Date:

Offisiële Merk

Official Mark

Vorm van Agterkant van Stembriefie

No. 3600 Buitengewone Offisiële Koerant 18 Maart 1977 17
ORDONNANSIE OP DIE VOLKSTEMMING, 1977 No. 3 van 1977

No.

Offisiële Merk

Official Mark

VOLKSTEMMING REFERENDUM

IN DIE KIESAFDELING
IN THE ELECTORAL DIVISION OF

Datum:
Date:

DATE:
TIME:

IN THE ELECTROLYT DIVISION OF
IN DIE KIEZELSTEIN

KERKENBANDEN
AOTKALENUNG

Output Meter

Output Meter

Output Meter